

Presidentsrede by die ses-en-tagtigste gewone algemene vergadering van aandeelhouers

Inleiding

Ons leef in 'n wêreld wat voortdurend verander, 'n omgewing wat deur geleenthede en hoop gekenmerk word, maar ook deurspek is met risiko. In hierdie omgewing moet die Suid-Afrikaanse Reserwebank (Bank) sy opdrag uitvoer en die gepaardgaande risiko's bestuur om te verseker dat Suid-Afrikaners sal baat by die geleenthede wat uit 'n veranderende wêreld spruit. Dit is vir my aangenaam om vandag verslag te doen oor nog 'n suksesvolle jaar in die vyf-en-tagtigjarige geskiedenis van die Bank.

Die bereiking en handhawing van prysstabiliteit bly die grondliggende doelwit van die Bank. Die mees beduidende prestasie van die Bank is trouens daarin geleë dat inflasie sedert September 2003 binne die mikpuntgebied gehou is. Dit beteken egter nie dat die ander funksies van die Bank afgeskeep word nie. Hierdie funksies is intendeel deurslaggewend vir die werksaamhede van die Bank.

Ons *Ekonomiese Jaarverslag* word ook vandag vrygestel, waarin die breër aspekte van die binnelandse en internasionale ekonomie wat talle bedrywighede van die Bank beïnvloed, gedek word. Waar toepaslik, laat val hierdie rede die kollig op sommige van die uitstaande ekonomiese ontwikkelings wat ons werksaamhede geraak het. Hierdie rede is toegespits op die belangrikste operasionele bedrywighede van die Bank, insluitend monetêre beleid, monetêre bedryfsprosedures, die bestuur van die goud- en buitelandse valutareserwes, die nasionale betaalstelsel, bankregulering en -toesighouding, internasionale samewerking en interne administrasie.

Monetêre beleid

Gedurende die afgelope jaar is monetêre beleid teen die agtergrond van 'n snel-groeiende wêreld ekonomie en hoë kommoditeitspryse gevoer. Hierdie sterk groei, tesame met opbouende staatkundige spanning en ander aanbodbeperkings, het opwaartse druk op internasionale oliepryse uitgeoefen, wat gedurende die afgelope weke hoogtepunte van bykans VSA\$80 per vat bereik het. Ondanks die hoë oliepryse het wêreldinflasie aanvanklik laag gebly, maar daarna het inflasionêre druk wel in 'n aantal lande begin kop uitsteek. Dit het daartoe gelei dat 'n hele paar sentrale banke hul monetêre beleid gedurende die jongste paar maande strammer gemaak het.

Binnelands het die ekonomie in 2005 met 4,9 persent gegroei. In die eerste twee kwartale van 2006 het ekonomiese groei sterk gebly, maar het in vergelyking met 2005 effens verlangsaam. In die eerste kwartaal van 2006 het die groei teen 'n jaarkoers 4,2 persent beloop.

Gedurende die oorsigtydperk is inflasie onder beheer gehou, met veranderings in VPIX (die verbruikersprysindeks vir metropolitaanse en ander stedelike gebiede uitsluitend die rentekoste op verbandlenings) wat binne die mikpuntgebied van 3 tot 6 persent gebly het. In die twaalf maande tussen 1 April 2005 en 31 Maart 2006 het die jaar-op-jaarkoers van VPIX-inflasie gemiddeld 4,1 persent beloop, maar tussen 3,5 persent en 4,8 persent gewissel. Van Maart tot Junie 2006 het VPIX-inflasie van 3,8 persent tot 4,8 persent versnel.

Inflasie in die pryse van dienste het bly verlangsaam en teen die begin van 2006 tot onder goedereprysinflasie gedaal. Dit was deels 'n weerspieëling van die volgehoue

beteueling van stygings in geadministreerde pryse met die uitsondering van die petrolprys. Die opwaartse neiging in goederepryse was aanvanklik merendeels te wyte aan stygings in die petrolprys, en meer onlangs aan stygende voedselpryse. Gedurende die eerste nege maande van 2005 het voedselprysinflasie gemiddeld 1,8 persent beloop en dus tot die afwaartse neiging in inflasie bygedra. Nadat mieliepryse teen die einde van 2005 skerp begin toeneem het, het voedselprysinflasie begin styg en teen Junie 2006 tot 7,2 persent versnel. Daarenteen het pryse in 'n aantal goederekategorieë gedaal, veral klerasie en skoeisel, en meubels.

Produksieprysinflasie het gedurende die afgelope jaar toegeneem en in die eerste vier maande van 2006 gemiddeld nagenoeg 5,5 persent beloop, vergeleke met 2,3 persent in Junie 2005. 'n Verdere versnelling het egter in Mei en Junie 2006 gevolg, toe produsenteinflasie onderskeidelik vlakke van 5,9 persent en 7,5 persent bereik het. Veranderings in energie- en voedselpryse was in 'n groot mate die stukrag vir hoër produksiepryse.

Inflasievooruitsigte het vir 'n groot gedeelte van die oorsigtydperk betreklik bestendig en gunstig gebly. Gevolglik was dit moontlik om die terugkoopkoers vir 'n geruime tyd onveranderd op 7 persent te hou nadat dit in April 2005 met 50 basispunte verlaag is. Gedurende die afgelope jaar was daar 'n aantal ontwikkelings wat 'n gunstige uitkoms vir inflasie in die hand gewerk het. Laer inflasieverwagtings het oënskynlik daartoe bygedra dat loonooreenkomste geleidelik afgeneem het. Toenames in die arbeidseenheidskoste was ook binne perke en die gemiddelde toename vir 2005 het 3,4 persent beloop, beduidend laer as die koers van 6,5 persent wat in 2004 aangeteken is. Na verwagting sou hierdie ontwikkelings, tesame met die groeiende geloofwaardigheid van monetêre beleid soos bevestig deur die laer inflasieverwagtings, volhoubare gedempte inflasie ondersteun.

Voortgesette fiskale dissipline, groei in produksie in pas met potensiële groei, en lae wêreldinflasie het ook tot laer inflasievooruitsigte bygedra. Die aanvanklike uitwerking van die aansienlike toename in internasionale oliepryse op wêreldinflasie, wêreldgroei en binnelandse inflasie was beperk en het vrese van 'n herhaling van die inflasiespirale wat gedurende vorige oliepryskokke voorgekom het, hokgeslaan.

Sommige van die ander faktore wat inflasie beïnvloed, het vir 'n groot gedeelte van die oorsigtydperk gunstig gebly, hoewel die gepaardgaande risiko gedurende die afgelope jaar toegeneem het. Die wisselkoers het vir 'n groot gedeelte van die tydperk betreklik bestendig gebly, maar as gevolg van groter onsekerheid in die internasionale markte vanaf Mei 2006 het die rand saam met die geldeenheid van 'n aantal ander opkomende marke ekonomieë onder druk gekom. Die wisselkoers van die rand het ook verder gereageer op die publikasie in Junie van die Suid-Afrikaanse lopenderekoningtekort vir die eerste kwartaal. Tussen die begin van Mei 2006 en die begin van Augustus het die handelsgeweegde wisselkoers van die rand met ongeveer 14 persent verswak.

Nieteenstaande die verbeterde inflasiesyfers gedurende die afgelope jaar, was daar 'n geleidelike verswakking in die vooruitsigte vir 'n aantal van die belangrikste faktore wat inflasie bepaal, wat die opwaartse risiko in die inflasievooruitsigte verhoog het. Die volgehoue groei in die binnelandse vraag was vir die Monetêrebeleidskomitee (MBK) 'n verdere bron van kommer. Oor die afgelope twee jaar het die reële verbruiksbesteding van huishoudings teen jaarkoerse van bykans 7 persent gegroei. Die stewige groei in kleinhandelsverkope het voortgeduur en verbruikersvertroue het teen die einde van 2005 die hoogste vlak ooit bereik. Dit is aangevuur deur die hoë groeikoerse van kredietverlening wat gedurende die afgelope jaar gemiddeld meer as 20 persent beloop het en wat die verhouding van huishoudingskuld tot bestebare inkomste in die eerste kwartaal van hierdie jaar tot 66 persent laat styg het.

Die onmiddellike uitwerking van die stewige groei in besteding op binnelandse inflasie was beperk, hoewel die MBK by die vergadering in Februarie 2006 kennis geneem het van die onvermydelike ongunstige invloed op pryse wat sou volg indien hierdie neiging sou voortduur. Hoër verbruiksbesteding het egter bygedra tot die geleidelike toename in die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf 4,2 persent van die bruto binnelandse produk in 2005 tot 6,4 persent in die eerste kwartaal van 2006. Die MBK het hierdie verwickeling as 'n potensiële bedreiging vir inflasie gesien weens die moontlike invloed op die wisselkoers indien die tekort nie as volhoubaar beskou sou word nie. Hierdie tekorte is nietemin gemaklik deur die invloei van kapitaal gefinansier.

Die volgehoue stewige binnelandse vraag, tesame met die bedreiging van internasionale oliepryse, voedselpryse en wisselkoersverwikkings, het tot groter risiko's vir inflasievooruitsigte gelei. In reaksie op hierdie verhoogde risiko's en die verswakkende inflasievooruitsigte het die MBK besluit dat voorkomende optrede nodig is. Die terugkoopkoers is gevolglik met 50 basispunte tot 7,5 persent op 8 Junie 2006 verhoog, en met 'n verdere 50 basispunte op 3 Augustus 2006. Toekomstige besluite oor monetêre beleid sal egter afhang van veranderings in inflasievooruitsigte en ekonomiese ontwikkelings.

Toepassing van monetêre beleid

Die Bank gebruik opemarktransaksies om likiditeit aan die geldmark te verskaf of daaruit te dreineer ten einde die likiditeitsbehoefte van die banke op 'n vlak te hou wat voldoende is om te verseker dat die monetêre beleidstand waarop die MBK besluit, deurgevoer word. Banke se deposito's by die Bank uit hoofde van die statutêre kontantreserwevereiste (2,5 persent van verpligtinge, soos aangepas) het vir die Junie/Julie-instandhoudingstydperk R28,7 miljard beloop. Die totale uitstaande skuldbriewe van die Bank en langertermyn omgekeerde terugkooptransaksies het teen die einde van Junie 2006 onderskeidelik R5,4 miljard en R2,0 miljard bedra. Deposito's van die Korporasie vir Openbare Deposito's by die Bank het op dieselfde datum R11,1 miljard beloop, wat ook tot die dreinerings van oormatige likiditeit bygedra het. Note en munte in omloop het ook 'n beperkende uitwerking op likiditeit gehad, aangesien dit van R49,0 miljard op 30 Junie 2005 tot R53,9 miljard 'n jaar later toegeneem het.

Geld in omloop

Die daaglikse gemiddelde waarde van banknote in omloop vir die tydperk 1 April 2005 tot 31 Maart 2006 het R46,3 miljard beloop, terwyl die gemiddelde waarde van munte in omloop in dieselfde tydperk nagenoeg R2,7 miljard beloop het. Dit verteenwoordig 'n toename van 10,2 persent bo die ooreenstemmende vorige tydperk vir banknote in omloop, en 'n toename van 9,1 persent vir munte in omloop. 'n Seisoenale hoogtepunt van R57,4 miljard vir banknote en munte in omloop is op 23 Desember 2005 bereik.

Die vraag na munte het die afgelope paar maande aansienlik toegeneem. Dit was veral die geval met die vraag na vyfsentmuntstukke wat met ongeveer 30 persent toegeneem het vergeleke met die ooreenstemmende vorige verslagtydperk.

Die Bank het met die handelsbanke saamgewerk om 'n meer doelmatige en doeltreffende geïntegreerde nasionale kontantbestuurstelsel te ontwikkel. Die verbeterde stelsel belooft om die kontantvoorraad van die banke te beperk, wat kan bydra tot 'n afname in die koste van kontant vir die publiek.

Goud- en buitelandse valutareserwes

Die Bank se bedrywighede in die plaaslike mark vir buitelandse betaalmiddele het ten doel om plaaslike geldmarklikiditeit deur middel van valutaruiltransaksies te bestuur, om kliënte se vraag na buitelandse betaalmiddele te bevredig, en om, wanneer marktoestande dit toelaat, die buitelandse valutareserwes op 'n omsigtige wyse op te bou. Die Bank het nie ten doel om die wisselkoers van die rand te beïnvloed nie, maar laat die vasstelling daarvan aan die wisselwerking van vraag en aanbod in die valutamark oor.

Gunstige marktoestande het dit vir die Bank moontlik gemaak om die vlak van sy amptelike goud- en buitelandse valutareserwes verder te verhoog. Bruto reserwes het van VSA\$15,9 miljard teen die einde van Maart 2005 toegeneem tot VSA\$23,95 miljard teen die einde van Junie 2006. Die internasionale likiditeitsposisie het gedurende die tydperk ook met VSA\$7,79 miljard tot VSA\$20,19 miljard verbeter. Hierdie toename in die vlak van amptelike reserwes is deur markdeelnemers en kredietgraderingsagentskappe verwelkom, en het bygedra tot 'n verbetering in die siening van internasionale beleggers oor Suid-Afrika se onderliggende ekonomiese grondslag.

Die Bank en die Nasionale Tesourie werk baie nou saam met die aanvulling van reserwes. Deur rand-betitelde deposito's by die Bank te plaas help die Nasionale Tesourie om die oormaatlikiditeit wat deur die aankoop van buitelandse betaalmiddele veroorsaak word, te absorbeer. Aan die einde van Junie 2006 het regeringsdeposito's by die Bank R36,2 miljard beloop, waarvan die oorgrote deel met hierdie steriliseringsinisiatief verband gehou het.

Hierdie hoër vlak van buitelandse valutareserwes het 'n verskerpte fokus op die bestuur van reserwes genoodsaak, ten einde veiligheid, likiditeit en 'n voldoende opbrengs binne konserwatiewe risikomaatstawwe te verseker. Aan die einde van Junie 2006 het die intern-bestuurde portefeuljes 81 persent van die bruto reserwes uitgemaak, terwyl die res eksterne bestuur is. Interne reserwebestuurkapasiteit en -vaardighede is beduidend versterk met behulp van ooreenkomste vir opleiding en vaardighedsverbetering met eksterne fondsbestuurders.

'n Program om sekuriteite uit te leen is gedurende Julie 2005 in werking gestel. Daarvolgens kan sekuriteite wat namens die Bank deur 'n bewaringsagent gehou word, uitgeleen word teen die onderpand van kontant of ander hoëgraadinstrumente. Die inkomste en fooie wat uit hierdie program voortspruit, help om 'n deel van die koste van die eksterne fondsbestuurprogram te dek.

Ter delging van die verliese wat deur die jare in die Goud- en buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekening opgebou het, het die Nasionale Tesourie in April 2005 'n slotpaalement in die vorm van nulkoepon-staatseffekte aan die Bank oorbetaal.

Finansiële bestendigheid

Soos u bewus is, is die Bank nie die enigste bewaarder van bestendigheid in die finansiële stelsel nie, maar dra die Bank by tot 'n groter poging wat die regering, ander reguleerders en selfregulerende organisasies en finansiële markdeelnemers insluit.

Die Bank se bedrywighede rakende finansiële bestendigheid behels die toepassing van beleid, instrumente en standaarde vir die voorkoming, opsporing en bestuur van enige sistemiese onbestendigheid in instellings, markte en die betaling- en verrekeningstelsel. Die welstand van die finansiële reguleringstelsel is deurgaans beoordeel en in die Bank

se halfjaarlikse *Finansiële Bestendigheidsorsig* is daarvoor verslag gedoen. Die vertroue in die plaaslike finansiële dienstesektor bly op 'n hoë vlak.

Nasionale betaalstelsel

Die Bank het in April 2006 'n nuwe strategiese raamwerk en strategie vir die nasionale betaalstelsel, algemeen bekend as *Vision 2010*, gepubliseer. *Vision 2010* dui die strategiese rigting vir die betaalstelsel en sy bank- en nie-bankdeelnemers tot 2010 aan, en identifiseer vyf sleuteluitdagings vir die betaalstelsel. Hierdie uitdagings behels toegang tot en deursigtigheid en veiligheid van die betaalstelsel; ondersteuning vir betalings-, verrekenings- en vereffeningsinisiatiewe van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (algemeen bekend as SADC); en om op die hoogte van internasionale ontwikkelings te bly.

Teen Junie 2006 het die maandelikse waarde van vereffening deur middel van die Suid-Afrikaanse veelvuldigekeuse-vereffeningstelsel (algemeen bekend as die SAMOS-stelsel) R4 600 miljard bedra, oftewel ongeveer R200 miljard per dag. Die vereffening van transaksies voortspruitend uit verhandeling op die aandele- en effekte markte is by hierdie bedrag ingesluit, asook die randkomponent van plaaslike transaksies in buitelandse betaalmiddele. Ongeveer 90 persent van transaksies deur SAMOS word intyds vereffen, terwyl die oorblywende 10 persent, wat uit kleinhandelbondelverwerking bestaan, na-ure vereffen word. Die SAMOS-stelsel is gedurende Junie 2006 suksesvol opgegradeer om vir die hantering van gedematerialiseerde geldmarkinstrumente voorsiening te maak.

Die Bank het volgehoue steun aan die ontwikkeling van 'n goedkoop betaaloplossing tussen die verskillende rolspelers in die lae-inkomste-invorderingsomgewing gegee. Die Bank het gedurende die oorsigtydperk sy eerste voorskrif vir aanvaarbare gedrag deur banke wat in die lae-inkomste-invorderingsomgewing bedrywig is, uitgereik.

Bankregulering en -toesighouding

Die Suid-Afrikaanse raamwerk vir bankregulering moet aangepas word om vir die nuwe internasionale kapitaalvereistes vir banke (Basel II) voorsiening te maak. Gedurende die oorsigtydperk is twee voorgestelde konsepwysigings aan die Bankwet, nr 94 van 1990, en die regulasies wat kragtens hierdie wet uitgevaardig is, vir kommentaar voorgelê aan die AIF (die afkorting vir die *Accord Implementation Forum*), wat uit verteenwoordigers van die Bank, die Nasionale Tesourie, die banksektor en die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters bestaan.

Om hul gereedheid vir die implementering van Basel II te bepaal, is alle geregistreerde banke, takkantore van buitelandse banke en onderlinge banke in Suid-Afrika versoek om 'n leemte-ontleding en selfondersoek, wat 'n impakstudie van voorskrifte vir hul kapitaaltoereikendheidsvereistes ingesluit het, te doen. Ten einde die risiko's te ondervang wat bankgroepe in die geheel die hoof moet bied, sal Basel II op 'n gekonsolideerde grondslag op banke met internasionale bedrywighede toegepas word.

Die Bank en die Nasionale Tesourie het saam 'n projek van stapel laat loop om die behoeftes en vereistes waaraan 'n depositoversekeringskema in Suid-Afrika moet voldoen, te ondersoek. Sodra sekere kwessies opgelos is, sal 'n finale voorstel aan die Minister van Finansies vir oorweging voorgelê word.

Die stand van korporatiewe beheer in 14 Suid-Afrikaanse banke (insluitend twee onderlinge banke, maar met uitsondering van die vyf grootste banke) is gedurende die oorsigtydperk ontleed. Die oogmerk was om vas te stel in watter mate die betrokke banke voldoen aan gesonde beginsels van korporatiewe beheer soos voorgeskryf deur die Bankwet of die Onderlinge Bankwet, nr 124 van 1993, die regulasies wat kragtens hierdie wette uitgevaardig is, die aanbevelings van die Myburgh-verslag oor die stand van korporatiewe beheer in die vyf groot banke (*Myburgh Report on the Standard of Corporate Governance in the Five Largest Banks*), en die tweede King-verslag oor korporatiewe beheer (*King Committee on Corporate Governance*).

Internasionale samewerking

Die Bank het op internasionale gebied bedrywig gebly. Die Bank en die Nasionale Tesourie sal gedurende 2007 as gesamentlike voorsitters van die G-20 optree en die Bank is reeds besig met voorbereidings wat hiermee verband hou. Die Bank het vir hierdie doel 'n G-20-eenheid op die been gebring, wat ten nouste met die G-20-sekretariaat in die Nasionale Tesourie saamwerk. Die G-20 is in 1999 op die been gebring as 'n gespreksforum vir presidente van sentrale banke en ministers van finansies van ontwikkelde en sistemies-belangrike ontlukende en ontwikkelende ekonomieë oor kwessies wat verband hou met wêreldwye ekonomiese en finansiële bestendigheid ter ondersteuning van wêreldwye groei en ontwikkeling. Die Bank en die Nasionale Tesourie sal die nodige voorbereidings tref om volgende jaar as gasheer vir vergaderings en seminare van die G-20 op te tree. Die Bank, die Bank van Mexiko en die Chinese Volksbank het in Augustus 2005 as gesamentlike gasheer opgetree vir 'n G-20-seminaar oor ekonomiese groei wat in die Bank gehou is.

Die Bank is 'n aktiewe lid van die Bank vir Internasionale Vereffeninge (BIS), wat as sentrale bank vir die sentrale banke van lidlande optree. Die Bank het in Mei 2005 verdere aandele in die BIS aangekoop, wat 'n pro rata toekenning van die herverdeling van 'n gedeelte van die VSA se aandele in daardie bank verteenwoordig het. Ek woon gereed die vergaderings van die BIS by en het tot onlangs die enigste Afrikaland by die BIS verteenwoordig. Na ons oortuigingswerk van baie jare vir die toelating van nog 'n Afrikaland tot lidmaatskap van die BIS, is ek bly om te kan meld dat Algerië nou 'n aandeelhouer van die BIS is.

Ons samewerking met die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) duur voort. Ek is gedurende Mei 2006 deur die Besturende Direkteur van die IMF, mnr Rodrigo de Rato, as 'n lid van die Komitee van Uitgelese Persone aangestel om die langtermyn volhoubaarheid van die finansiële posisie van die IMF te ontleed. Daar bestaan min twyfel dat internasionale organisasies soos die IMF in 'n groter mate oor hul bedrywigheede aan hul lede verantwoording moet doen. Ek is oortuig dat die finansiering van enige organisasie 'n belangrike invloed op sy aanspreeklikheid en deursigtigheid het. Na verwagting sal die komitee vier of vyf keer gedurende die volgende ses maande vergader en sy verslag vroeg in 2007 ter tafel lê.

Die Bank is steeds besig om sy internasionale samewerking met sy vennote oor die wêreld te verbeter. Die Bank het vanjaar verstandhoudingsverdrae met die sentrale banke van Argentinië en die Oekraïne gesluit. Samesprekings oor samewerkingsooreenkomste met die sentrale banke van China en Peru is in 'n gevorderde stadium, en die finalisering en ondertekening van hierdie ooreenkomste kan mettertyd verweg word.

Wat betref inisiatiewe om streeksintegrasie op die kontinent te bevorder, is die Bank steeds gasheer vir die Sekretariaat van die Komitee van Sentralebankpresidente

(algemeen bekend as die CCBG) van SADC. Goeie verhoudinge met sentrale banke in die streek is hierdie jaar bevorder deur die ondertekening van drie verstandhoudingsverdrae oor inligtingstegnologie, deviesebeheer en betaalstelsels deur presidente van sentrale banke.

Die Bank het deelgeneem aan die jaarlikse streekskonferensie oor betaalstelsels vir lande in die SADC-streek, wat op algemene betaalstelselontwikkelings gefokus het. Daarbenewens is drie werkswinkels oor betaalstelsels gedurende die oorsigtydperk vir SADC-lande aangebied. Die oogmerk met hierdie werkswinkels was om die betaalstelsel van elke SADC-land aan die hand van die program vir finansiële sektorbeoordeling (*Financial Sector Assessment Programme*) van die IMF en die Wêreldbank te toets. Hierdie beoordelings en die verslag wat vir die IMF en die Wêreldbank voorberei is, sal die grondslag lê vir die jaarlikse streeksbetalingskonferensie wat later vanjaar aangebied word.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank-kollege speel steeds 'n sleutelrol in die opleiding van personeel van sentrale banke en finansiële instellings in Afrika. Die Kollege het ook opgetree as mede-organiseerder van 'n IMF-kursus oor finansiële programmering en beleid en 'n kursus oor die ontleding van finansiële markte wat deur die Joint Africa Institute aangebied is.

Interne administrasie

Die Bank se *Jaarverslag* is voor hierdie vergadering aan aandeelhouders versprei. Die Bank se balansstaat het gegroei van R129 miljard aan die einde van Maart 2005 tot R168 miljard aan die einde van Maart 2006. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van die opbouing van die amptelike goud- en buitelandsevalutaresewies en is hoofsaaklik deur 'n toename in regeringsdeposito's gefinansier. Die voorbelaste wins van die Bank het van R866 miljoen in die vorige finansiële jaar tot R1 038 miljoen in die finansiële jaar tot 31 Maart 2006 toegeneem.

Die Bank se begrote uitgawes vir die huidige finansiële jaar beloop R1 615 miljoen, vergeleke met werklike uitgawes van R1 530 miljoen vir die finansiële jaar tot 31 Maart 2006. Hierdie verhoging verteenwoordig 'n toename van 5,56 persent in begrote uitgawes in vergelyking met die werklike uitgawes vir die vorige finansiële jaar.

Die vier filiaalmaatskappye van die Bank het hul doelwitte gedurende die finansiële jaar bereik. Na 'n oorsig van verslae deur hul onderskeie direksies en die interne en eksterne ouditeure, is die Bank tevrede dat die bestuur van hierdie maatskappye in ooreenstemming met hul doelwitte en standaarde vir korporatiewe beheer geskied. Die finansiële syfers van die filiale word op 'n gekonsolideerde grondslag in die state van die Bank geboekstaaf.

Gedurende die finansiële jaar tot 31 Maart 2006, is 40 transaksies ten opsigte van 123 808 aandele van die Bank afgehandel. Die Bank het op 31 Maart 2006 altesaam 615 aandeelhouders gehad, wat tot die einde van Junie onveranderd gebly het.

Sedert die inwerkingtreë van 'n hersiene organisatoriese struktuur in Augustus 2005 het die Bank se operasionele doeltreffendheid verbeter. Soos verwag, het hierdie struktuur die President en vise-presidente meer tyd gegun om aan beleidsake en strategiese beplanning te bestee, terwyl die uitvoerende hoofbestuurders verantwoordelik is vir die algemene bestuur, toesig en beheer oor die Bank se departemente wat aan hulle verslag doen.

Die Bank het verskeie kapitaalprojekte aangepak. Die bestaande infrastruktuur van die hoofkantoorgebou word tans verbeter om instandhouding en optimale gebruik te verseker. Die Bank het ook heelwat vordering met die praktiese inwerkingstelling van sy volgehoubesigheidsbestuur- en rampherstelstrategieë gemaak. 'n Toegewyde rampherstelsterrein vir hoofkantoorwerkzaamhede is voltooi en sal teen die laaste kwartaal van 2006 in werking wees. Volgehoubesigheidsbeplanning vir die sewe takkantore en die filiale is ook voltooi.

Gedurende die oorsigjaar het die totale personeelsterkte van die Bank verder tot 1 956 aan die einde van Maart 2006 afgeneem en aan die einde van Junie 2006 op 1 937 te staan gekom. Dit kan met 'n personeelsterkte van 2 288 in Maart 2003 vergelyk word. Die personeelomset in die Bank het van 4,3 persent in die 2002/03-finansiële jaar tot 7,1 persent in die finansiële jaar tot 31 Maart 2006 toegeneem. Hierdie neigings kan uiteindelik die Bank se teiken vir billike indiensneming beïnvloed, aangesien baie van die bedankings in die geormerkte groepe op middelbestuursvlak plaasgevind het.

Die Bank het 'n kontrak met 'n buite-instansie aangegaan om gedurende Februarie en Maart 2006 'n organisasiekultuur- en -klimaatopname te onderneem. Die opname het 'n hoë koers van vrywillige deelname onder personeellede ontlok. Terwyl die opname 'n aantal aspekte uitgewys het waarop die Bank hom moet toespits om die moraal van die personeel te verbeter, het die opname ook aangedui dat personeel op baie ander gebiede met die Bank as werkgever tevrede is.

Die Bank het ook 'n buite-diensverskaffer aangestel om op 'n vrywillige grondslag toetse vir die voorkoms van MIV/Vigs onder sy personeel te onderneem nadat 'n MIV/Vigs-reaksieprogram in Februarie 2006 bekendgestel is. Daar word tans voorbereidings getref vir die verdere inwerkingstelling van hierdie program op 'n Bankwye grondslag, wat MIV/Vigs-bewustheids- en -opvoedingsveldtogte, en die opleiding van bestuur en werknemers in MIV/Vigs-voorkoming insluit.

Die Bank word beskou as 'n voorloper in die bedryf met die nakoming van die vereistes van die Wet op Billike Indiensneming, nr 55 van 1998, en die Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede, nr 97 van 1998. Die mandate van die strukture vir konsultasie onder die eersgenoemde wet is gedurende die oorsigtydperk gewysig om raadpleging oor die werksplekvaardighedsontwikkelingsplan voor die jaarlikse voorlegging daarvan aan Bankseta in te sluit.

Die Bank het gedurende die afgelope aantal jare noemenswaardige vordering op die gebied van billike indiensneming gemaak. Aan die einde van Junie 2006 was altesaam 56 persent van werknemers swart en 46 persent vroulik. Op bestuursvlak was die syfers onderskeidelik 43 persent swart en 36 persent vroulik. Nietemin is die mikpunt van 50 persent swart verteenwoordiging op alle vlakke van senioriteit, soos dit ses jaar gelede in die plan vir billike indiensneming in die vooruitsig gestel is, nie ten volle bereik nie.

'n Tweede konsepplan vir billike indiensneming is intussen voltooi en daar word tans daarvoor met personeel beraadslaag. Die konsepplan, wat gedurende Oktober 2006 aan die Departement van Arbeid voorgelê gaan word, stel voor dat die mikpunt vir vroulike werknemers van 33 persent tot 50 persent op alle vlakke van indiensneming verhoog word. 'n Mikpunt van 2 persent van werkgeleenthede vir mense met gestremdhede, is ook onder oorweging.

Talle opleidings- en ontwikkelingsingrepe is gedurende die 2005/06-finansiële jaar deurgevoer. Altesaam 1 346 werknemers het hieruit voordeel getrek, insluitend

626 personeellede wat kursusse by die Suid-Afrikaanse Reserwebank-kollege bygewoon het. Daarbenewens het 230 personeellede gedurende die jaar tot 31 Maart 2006 studiehulp ontvang om hul formele kwalifikasies te verbeter.

Die Bank het 'n uitgebreide proses van raadpleging met personeel, die oorlegplegingsliggaam vir billike indiensneming (bekend as die EECB) en die finansiële vakunie SASBO voltooi oor die vernuwing van die Bank se personeelbeleid. In hierdie proses is die beleid wat oorspronklik deur die Bank voorgestel is, aangepas om baie van die menings wat deur hierdie belanghebbendes geopper is, in te sluit. Stappe is gedoen om personeel met die nuwe personeelbeleid vertrouwd te maak, en na verwagting sal dit op 1 Oktober 2006 in werking tree.

Slot

In nabetraging oor nog 'n suksesvolle jaar in die lang geskiedenis van die Bank, bevestig die voorafgaande oorsig van ontwikkelings die Bank se sukses in die navolging van sy doelstellings. Monetêre beleid het daartoe bygedra dat VPIX-inflasie binne die mikpuntgebied gehou is, hoewel inflasievoorsigte deur verskeie risiko's geraak is. Die MBK bly waaksaam en sal nie huiwer om monetêre beleid te wysig wanneer nodig nie. Die Bank bly koersvas in sy nastrewing van lae en stabiele inflasie as 'n sleutelfaktor wat tot die groei en ontwikkeling van Suid-Afrika bydra.

Die Bank sal die vordering van Suid-Afrikaanse banke met die implementering van Basel II op 1 Januarie 2008, noukeurig nagaan.

Soos gebruikelik, sal die interne bestuur van die Bank die nodige aandag geniet. Die Bank het groot waardering vir sy menslike hulpbronne, wat weerspieël word in die nuwe en moderne personeelverwante beleid wat later vanjaar in werking gestel sal word. Die Bank is verbind tot die opleiding en ontwikkeling van personeel, wat gedoen sal word in nastrewing van transformasie soos vervat in die nuwe plan vir billike indiensneming. Ons sal deurentyd streef na die skepping van 'n organisasiekultuur wat die Bank 'n gesogte werkgewer maak.

Dankbetuigings

Ek wil die Presidensie, die Regering en die Parlement bedank vir hul voortgesette ondersteuning. Die Minister en Adjunkminister van Finansies, en die Direkteur-Generaal van die Nasionale Tesourie en sy personeel het die Bank ook in die uitvoering van sy take ondersteun.

Ek wil die lede van die Direksie van die Bank hartlik bedank vir hul toegewydheid en diens aan die Bank. Dit is 'n eer en voorreg om met so 'n uiteenlopende en uitgelese groep mense te kan saamwerk. As gevolg van professionele verpligtinge het me A M Mokgabudi gedurende hierdie jaar die tuig as 'n direksielid en as Voorsitter van die Vergoedingskomitee neergelê. Haar diens aan die Bank word hoog op prys gestel.

Hoewel ek reeds by die vorige algemene vergadering hulde aan mnr I Plenderleith gebring het, het hy in Januarie 2006 amptelik as Visepresident afgetree. Dit is derhalwe gepas om hom by hierdie geleentheid weer eens te bedank vir sy toegewydheid en diens aan die Bank. Ten slotte kan die Bank nie sy doelstellings sonder die lojaliteit, diens en toewyding van sy bestuur en personeel bereik nie. Ek bedank hiermee die vise-presidente, bestuur en personeel van die Bank vir hul bydraes.